



Universiteit Stellenbosch Aftredefonds (USAF): Handleiding tot die Onttrekkingsproses

(in gevalle *buiten* aftrede met pensioen)

Verwysingsnommer van hierdie dokument	RM0379
HEMIS-klassifikasie	
Doel	Om US-personeel te ondersteun in geval van bedanking (uittrede weens ander redes as aftrede), spesifiek met betrekking tot USAF-voordele
Tipe dokument	Handleiding
Toeganklikheid	Algemeen (ekstern en intern)
Implementeringsdatum	Mei 2004
Hersieningsdatum/-frekwensie	Na gelang van noodsaaklike aanpassings
Vorige hersienings	Augustus 2011
Eienaar van hierdie beleid	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel
Institusionele funksionaris (kurator) verantwoordelik vir hierdie handleiding	Hoofdirekteur: Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne
Goedkeuringsdatum	n.v.t.
Goedgekeur deur	n.v.t.
Sleutelwoorde	USAF, bedanking

Die kern van die handleiding

Verleen bystand aan werknemers van die Universiteit Stellenbosch (US) in geval van bedanking (d.w.s. uittrede anders as aftrede), spesifiek met betrekking tot voordele ingevolge die Universiteit Stellenbosch Aftredefonds (USAF).

1. Inleiding

Hierdie handleiding is opgestel om lede van USAF ('die Fonds') wat besluit het om die Fonds voor aftrede te verlaat, by te staan.

Dit is noodsaaklik om in die beplanningsfase vir aftrede ook die dokument 'USAF: Handleiding tot die Aftredeproses' te bestudeer.

Wanneer lede die Fonds verlaat, is daar belangrike besluite betrokke wat hulle langtermyn-finansiële sekuriteit kan beïnvloed. Gevolglik raai USAF personeel aan om 'n finansiële raadgewer te nader om bystand indien hulle besef dat hulle dit nodig het.

2. Agtergrond: Hoe werk die Fonds?

USAF is 'n vastebydrae-fonds. Dit beteken dat bydraes teen 'n vaste persentasie van lede se pensioengewende salaris bereken en maandeliks aan die Fonds oorbetal word. Hierdie bydraes word belê ten einde beleggingsinkomste te verdien. Alle beleggingsinkomste, wat rente- en kapitaalgroei insluit, word in die vorm van daaglikse beleggingsopbrengste toegeken. Fondsbates word in ewewigtige beleggingsportefeuljes belê, wat substansiële beleggings in aandele insluit. Aandelebates het wisselvallige markwaarde, wat beteken dat die beleggingsgroei daarop in sommige tydperke negatief kan wees.

Die US maak maandeliks addisionele bydraes vir elke Fondslid, waarmee versekeringspremies vir sterftedekking en ongeskiktheidsinkomstevoordele betaal word. USAF se administratiewe uitgawes word uit die bydraes betaal. Die geakkumuleerde bydraes ten opsigte van elke lid, saam met die beleggingsgroei daarop, verteenwoordig die betrokke US-personeellid se Fondskrediet.

Sekere USAF-lede is op 1 November 1994 vanaf die Pensioenfonds vir Geassosieerde Inrigtings (PGI) of die Pensioenfonds vir Tydelike Werknemers (PTW) na die Fonds oorgedra. Vir hulle word daar, buiten die Fondskrediet, ook 'n bykomende bedrag in die Aftreereserwerekening (ARR) van USAF gehou. Hierdie ARR-bedrag is in 1994 op grond van sekere aktuariële aannames bereken met die oog daarop om by aftrede te vergoed vir die uitwerking daarvan dat die PGI en PTW onderbefonds was.

Die ARR-bedrag word geakkumuleer met dieselfde beleggingsgroei as wat op die normale bydraes toegeken word.

Ingevolge die ooreenkoms wat met lede aangegaan is toe USAF gestig is, word die ARR-bedrag nie in geval van bedanking of afdanking uitbetaal nie. 'n Gedeelte van die geakkumuleerde ARR word wel in geval van personeelvermindering betaal (meer oor laasgenoemde in die volgende afdeling).

3. Voordeel by beëindiging van USAF-lidmaatskap

Lede wat die Fonds voor aftrede verlaat, is geregtig op 'n onttrekkingsvoordeel wat gelyk is aan hulle persoonlike Fondskrediet.

Lede wat die Fonds as gevolg van personeelvermindering verlaat, is ook op 'n gedeelte van hulle geakkumuleerde ARR-bedrag geregtig. Hierdie gedeelte word bereken as die verhouding tussen die verstreke dienstermyn by die US en die betrokke personeellid se volle potensiële dienstermyn tot op 60 jaar. 'n Voorbeeld ter illustrasie:

Gestel 'n lid wat 51 jaar oud is, het 7 jaar verstreke diens. Daar is dus nog 9 jaar potensiële diens tot op die ouderdom 60 (60 jaar minus 51 jaar). Die lid se volle potensiële dienstermyn is dus 16 jaar (7 jaar verstreke plus 9 jaar toekomstige diens).

In geval van personeelvermindering sal hierdie lid dus $\frac{7}{16}$ (= 43,75%) van die geakkumuleerde ARR-bedrag ontvang.

Die belangrikste besluit wat lede moet neem wanneer hulle die Fonds verlaat, is of hulle hul onttrekkingsvoordeel as 'n kontant-enkelbedrag wil ontvang, en of hulle dit eerder vir latere aftrede wil bewaar deur dit na 'n ander aftreefonds oor te dra.

Indien die voordeel in kontant geneem word, is dit belasbaar. Indien lede hulle voordeel bewaar deur die geld oor te dra na 'n ander goedgekeurde fonds – wat ook 'n bewaringsfonds kan wees óf 'n aftreeannuïteitsfonds – sal dit nie op die datum van onttrekking uit USAF belas word nie.

Die Fondsadministrateurs, Sanlam, sal die onttrekkingsvoordeel bereken op die datum waarop die lid USAF verlaat. Die administrateurs sal ook by die SAID om 'n belastingaanwysing aansoek doen en dan die netto voordeel uitbetaal.

Lede se opsies met betrekking tot die betaling van die Fondsvoordeel word hier onder uiteengesit.

4. Kontantvoordeel

Lede wat besluit om hulle volle onttrekkingsvoordeel as 'n enkelbedrag-kontantvoordeel te ontvang, sal belasting daarop betaal. Die eerste R25 000 van die voordeel is egter van belasting vrygestel; die balans word belas volgens 'n belastingtabel wat die SAID uitreik. Bedrae wat lede voorheen vanaf 'n pensioenfonds na USAF laat oordra het, is ook belastingvry. *Let egter op* dat 'n oordrag vanaf 'n pensioenfonds na 'n voorsorgfonds wel belasbaar is.

Die Fondsadministrateurs is verplig om die betaalbare belasting van lede se voordeel af te trek en slegs die nettovoordeel aan die betrokke personeellid uit te betaal.

SAID bepaal watter bedrag aan belasting betaalbaar is. Nadat die Fondsadministrateurs die voordeel bereken het, moet hulle 'n belastingaanwysing aanvra. Slegs die balans van die voordeel, nadat die belastingaanwysing in ag geneem is, word aan die Fondslid uitbetaal. Lede wie se belasting sake nie in orde of bygewerk is nie, sal vertraging in die uitbetaling van hulle USAF-voordeel teëkom.

Belasting wat van 'n Fondsvoordeel verhaal moet word, word outomaties aan die SAID oorbetaal. Die Fondslid sal 'n IRP5-vorm van die administrateurs ontvang as bewys dat die verskuldigde belasting betaal is.

Die onttrekkingseisvorm wat die lid moet invul, laat ruimte vir die persoon se bankrekeningbesonderhede; die geld sal direk in daardie rekening inbetaal word.

5. Bewaring van voordeel

Lede mag versoek dat hulle onttrekkingsvoordeel vir latere aftrede bewaar word. In so 'n geval moet die voordeel na 'n ander goedgekeurde fonds oorgedra word. Die nuwe fonds moet ontvangs van die oordragwaarde erken deur 'n erkenning van ontvangs (EVO-vorm) te onderteken. Sodra die USAF-administrateurs hierdie vorm ontvang, moet hulle SAID versoek om 'n nul-belastingaanwysing uit te reik, wat beteken dat daar geen belasting op hierdie oordrag betaalbaar is nie.

Die fonds waarheen lede hulle voordeel mag laat oorplaas, moet in een van die volgende kategorieë val.

5.1 'n Nuwe werkgewer se fonds

Werknemers wat die US verlaat om in diens te tree by 'n nuwe werkgewer wat ook 'n aftreefonds aan hulle personeel bied, mag daarop geregtig wees om hulle onttrekkingsvoordeel as voormalige USAF-lede na die fonds van die nuwe werkgewer oor te plaas. Dit is egter onderhewig daaraan dat die nuwe fonds se reëls wel so 'n oordrag toelaat.

Die voordele wat lede uiteindelik ingevolge 'n nuwe fonds sal geniet, en die opsies wat daar aan hulle gebied word, sal van daardie fonds se reëls en voordelestruktuur afhang.

Daar is normaalweg geen kostes ten opsigte van so 'n oordrag betaalbaar nie.

5.2 'n Aftreeannuïteitsfonds

'n Aftreeannuïteitsfonds is 'n individuele polis wat by 'n versekeringsmaatskappy opgestel word en waarin geld belê word totdat die polishouer besluit om af te tree. By aftrede mag hoogstens een derde van die poliswaarde as 'n kontant-enkelbedrag uitbetaal word. Die polishouer moet die balans gebruik word om 'n pensioenprodukt aan te koop, normaalweg by enige versekeringsmaatskappy of annuïteitverskaffer. Polishouers mag nie voor die ouderdom van 55 die fondse uit so 'n polis onttrek nie.

Personeel wat reeds 'n aftreeannuïteitspolis het, kan versoek dat hulle USAF-voordeel na hulle bestaande polis oorgeplaas word. In sulke gevalle moet die naam van die betrokke aftreeannuïteitspolis en die polisnommer baie duidelik op die onttrekkingsvorm aangetoon word.

'n Finansiële raadgewer kan werknemers verder inlig oor die verskillende aftreeannuïteitsfondse wat beskikbaar is, en die verskillende beleggingsopsies wat daardie polisse bied.

5.3 'n Bewaringsfonds

Bewaringsfondse word opgestel met die besondere doel om 'n ontvangerfonds vir die onttrekkingsvoordele uit aftreefondse te wees. Geld wat na 'n bewaringsfonds

oorgeplaas is, word belê totdat die betrokke persoon besluit om af te tree. Hierdie soort fonds kan twee vorme aanneem: bewarings*pensioen*fondse en bewarings*voorsorg*fondse. Aangesien USAF 'n voorsorgfonds is, kan US-werknemers slegs uit ander bewarings*voorsorg*fondse kies. Lede mag nie hulle onttrekkingsvoordeel na meer as een bewaringsfonds oorplaas nie.

USAF-lede wat met 'n bewaringsvoorsorgfonds aftree, mag kies óf om die volle aftreevoordeel in kontant te ontvang óf om 'n gedeelte daarvan aan te wend om 'n eksterne pensioen aan te koop.

'n Unieke eienskap van 'n bewaringsfonds is dat lede toegelaat word om voor hulle werklike aftreedatum een enkele bedrag daaruit te onttrek. So 'n onttrekking is belasbaar.

6. Watter fonds?

Faktore om in ag te neem in die keuse van 'n bewaringsfonds vir die oorbetalings van die USAF-onttrekkingsvoordeel:

- 6.1 Watter langtermynrisiko's is die werknemer gewillig om in sy of haar aftreebeplanning op te neem?
- 6.2 Wil die persoon vóór aftrede toegang tot die fondse hê, in geval van werklike nood?
- 6.3 Hoeveel aanpasbaarheid en keuses wil die persoon hê?
- 6.4 Watter kostes is betrokke?

7. 'n Finansiële raadgewer

Dit mag vir personeel van waarde wees om met 'n finansiële raadgewer te gesels voordat hulle besluit na watter fonds of in watter vorm hulle hul onttrekkingsvoordeel wil neem.

8. Verdere inligting

- 8.1 Hoe moet US-werknemers die Fondsadministrateurs in kennis stel dat hulle beplan om uit USAF te tree?

Personeellede wat uit hulle pos by die Universiteit bedank, moet die US se voorgeskrewe bedankingsvorm invul. Die vorm is by die Afdeling Menslike Hulpbronne (MHB) beskikbaar. Nadat hulle die bedankingsvorm ontvang het, moet MHB die instruksie vir die aanwending van die fondse na die Fondsadministrateurs, Sanlam, stuur.

- 8.2 Wanneer kan werknemers verwag om hulle onttrekkingsvoordeel te ontvang?

Die Fondsadministrateurs sal die onttrekkingsvoordeel so spoedig moontlik probeer uitbetaal, maar nie voordat die volgende prosedures afgehandel is nie:

- 8.2.1 die bedankingsvorm is ingevul;
- 8.2.2 die personeelid het aangedui na watter fonds die onttrekkingsvoordeel oorbetaal moet word (indien hy of sy gekies het om die voordeel te laat

bewaar);

8.2.3 die MHB het die bedankingsvorm nagegaan; en

8.2.4 die administrateurs het die voordeel bereken, onder meer deur die beleggingsopbrengs by te tel wat die Fondslid verdien het en deur die belastingaanwysing af te trek wat die SAID uitgereik het.

Die algemeenste redes vir vertraging in die betaling van onttrekkingsvoordele is dat die onttrekkingseisvorm onvolledig ingevul is, of dat die SAID nie 'n belastingaanwysing wil uitreik nie weens probleme met die persoon se belastingopgawes.

8.3 Kan 'n gedeelte van die onttrekkingsvoordeel as 'n enkelbedrag geneem en die balans na 'n bewaringsfonds oorplaas word?

Ja, dit word toegelaat.

8.4 Mag 'n gedeelte van die onttrekkingsvoordeel aan 'n derde party sedeer word?

Nee; die Wet op Pensioenfondse verbied die sedering van enige gedeelte van 'n onttrekkingsvoordeel aan 'n derde party.

8.5 Indien die onttrekkingsvoordeel laat uitbetaal word, sal enige rente daarop verdien word?

Ja; beleggingsopbrengste word tot op die datum van onttrekking toegedeel.

10. Samevatting

Personeellede is soms in die versoeking om hulle onttrekkingsvoordeel op 'n nuwe motor of 'n vakansie te spandeer. Hierdie voordeel vorm egter 'n bepalende element van werknemers se toekomstige finansiële sekuriteit. USAF wil lede aanraai om hulle onttrekkingsvoordeel te bewaar om sodoende beter vir hulle aftrede te voorsien. Die Fonds beveel ook aan dat lede die advies van 'n betroubare finansiële raadgewer inwin oor hoe om hierdie voordeel vir hulle aftrede te belê.

NOTA

Hierdie handleiding is nie 'n volledige, omvattende dokument nie. Dit is eerder opgestel om sekere van die belangrikste aspekte uit te wys wat met bedanking by die US verband hou.

Die handleiding sal van tyd tot tyd bygewerk word, maar mag dalk op sekere tye nie ten volle bygewerk wees wat wetgewing of US-beleid betref nie. 'n Finansiële raadgewer sal beskikbaar wees om personeel oor die jongste veranderings in wetgewing in te lig.

Die handleiding beskryf verskillende voordele wat USAF bied. Die voordele wat lede ingevolge die Fonds geniet, is in die geregistreerde Fondsreëls uiteengesit. Alle sorg is getref om seker te maak dat hierdie handleiding die reëls akkuraat weergee. Sou teenstrydighede nietemin voorkom, moet die Fondsreëls voorrang geniet.